


- EKOLOGIE - KLIMAATVERANDERING

WAT WORD VIR SUID-AFRIKA VOORSPEL?

Die voorspelling is dat Suid-Afrika in die algemeen warmer en droër gaan word. Die temperatuur kan in die komende dekades met 2 °C tot 5 °C styg. Klimaatkundiges verwag wisselvalliger reënval en dat droogtes en vloede meer dikwels sal voorkom.


As langtermynklimaatdata van die tydperk 1951 tot 1980 met dié van 1980 tot 2006 vergelyk word, is dit duidelik dat die gemiddelde jaarlikse temperatuur oor Suid-Afrika reeds warmer is (sien **KAART**).

WARMER AARDE



Die toename in die gemiddelde jaarlikse maksimum temperatuur in die moderne klimaat (1980-2006) vergeleke met die historiese klimaat (1951-1980) in Suid-Afrika. (Een vierkant verteenwoordig 56 km².)

Vyf omgewingskwessies wat bestudeer moet word



Waar ons antwoorde is

Stede is ons toekoms
Die meeste mense op aarde leef in stede. Daarom het dit sin dat oplossings vir klimaatsverandering ook hier gekry word.

Waarom stede die oplossing kan bied tot klimaatsverandering
Burgemeesters is direk verantwoordbaar aan hul inwoners. Hulle kan vinnige en ingrypende besluite neem wat 'n onmiddellike invloed op mense se lewens het.

Samewerking tussen C40 werk reeds
Die stadsvaders ondersteun mekaar, ding op 'n vriendelike manier met mekaar mee en deel ervarings.

Klimaatverandering veroorsaak ook finansiële skade
Die finansiële skade wat weens die veranderende klimaat gely word, kan byna net so vernietigend wees soos die fisieke verliese. Onvoorsiene uitgawes wat gegaar gaan met natuurrampe (droogtes, hittegolwe, vloede) kan ernstige ontwrigting vir die ekonomie van 'n stad tot gevolg hê.

Stedelike digtheid bied 'n groener wyse om te leef
Stedelike digtheid bied 'n groener wyse om te leef. Dit kan bereik word mits die regte beplanning vir infrastruktuur en energiedoeltreffendheid gedoen word.

Bron: www.c40.org

COBUS PRINSLOO, Grafika24

7 dinge wat Millennials oor klimaatsverandering sê

1 Hoe bekommerd is jy oor klimaatsverandering?
29% bekommerd, 50% baie bekommerd. 8/10 van Afrika se Millennials sê hulle is bekommerd.

2 Het jy en jou familie enige van die volgende effekte van klimaatsverandering ervaar?
86% onvoorspelbare reënval, 79% 'n toename in siektes wat diere en gewasse aanval, 77% woestynvorming.

3 Waar kry jy inligting oor klimaatsverandering?
48% TV, radio en koerante, 15% sosiale media en die internet, 13% op skool en universiteit.

4 Hoe dink jy kan jy help om klimaatsverandering te beveg?
65% deur meer te herwin, 69% deur afval te skel, 64% deur minder plastiekverpakking te gebruik.

5 Watter inisiatiewe sou jy in Afrika in werking stel?
73% deur toegang tot skoon water te bevorder, 71% meen hernieubare energie moet die vasteland se hoofbron van krag wees, 70% sê hernieubare energie, sowel as die beskerming (bewaring) van ekosistels.

6 Dink jy regerings doen genoeg om klimaatsverandering te beveg?
53% (nee), 47% (ja). Die meeste respondente meen regerings doen nie genoeg om klimaatsverandering te beveg nie.

7 Wie dink jy moet die stryd teen klimaatsverandering lei?
76% meen hul eie regerings, 75% meen die Afrika-Unie, 73% meen internasionale instellings, soos die Internasionale Monetêre Fonds.

*Hierdie peiling is gedoen tydens COP22 (7 - 16 November 2016) in 19 Afrika-lande, onder 1 200 Millennials tussen 18 en 30 jaar. In vennootskap met CG Consulting.

Grafika24